**2. *Voorbidding vir:*** Helen Currie, Joan en Alwyn Pienaar, Cecilia Human en Lorainne Cornell [Helen Keller], Marie van Tonder [Alpine Hof], Ester Louw [Orchardweg], Verna Wells [Hillrise], Laurette Pienaar [Riverside Manor], Hetta Walters [Frailcare, Pinelands Place], Joyce Kramer [Forestrylaan] en Ron Botha [Parkchesterlaan].

**3. *Die Kerkraad*** ontmoet elke Sondag om 09:20 in die konsistorie vir gebed en ander sake.

**4. Voorbidding** vir die *aktiwiteite van ons kerk* vir hierdie week;
* vir die spesiale deuroffer: *Jan Krielskool – Die instituut in Kuilsrivier, bemagtig leerders met spesiale onderwys behoeftes. Pinelands gemeente se voorbidding belangstelling en finansiering word met dankbaarheid erken. Kinders met bv. disleksie, epilepsie en ander leerbehoeftes kry geleentheid om hulle volle potensiaal te ontwikkel.*

## ***Waar ons kerk werk***

**1. *Kospakkies vir volgende Sondag:*** *Bruinbroodmeel en mieliemeel.*

**2. *Amelia & weeskinders***: Die bussie vir bydraes is in die voorportaal.

**3. *Blomme vir die kerk***:

| | |
|---|---|
| [06/05/12] Anlen Boshoff | [13/05/12] Charlotte-L Enslin |
| [20/05/23]: Linet Hauptfleisch | [27/05/12]: Sarie Jacobs |

**4. *Toebroodjies:*** [09/05/12]: Henriette Viljoen, Borrie Jurgens, Mary Coetzee en Heleen Meyer; [16/05/12]: Anna van Stuijvenberg, Rachel Fortuin, Louise Barnard en Rina Landman.

**5. *Sopkombuis by Maitland Gemeenskapskerk***: Magda Erasmus [021-531-2463].

**6. *Koffie/tee na eredienste:*** Adéle Flint, Nell Kruger, Veronica Coetzee en Maude Brewin.

**7. *Uitreikprojekte***: Maitland Gemeenskapskerk en Missie Japan. [Getuieniskommissie].

**8. *Vrouewerkgroep***: Mary Coetzee [021-531-1742].

**9. *Gemeenskapsbetrokkenheid***: Elsa van Huyssteen [083 367 1289], Johanna du Preez [021-531-2875] en ander lidmate [Martie Odendaal, Hanlie Marais en Linet Hauptfleisch] is betrokke by die speelskool in Elsiesrivier [Vrolike Groepe], asook by Clarke Primêr. Elsa bestuur die Sentrum vir 30 straatseuns in Soutrivier.

## ***Verjaarsdae***:

[06/05/12]: Margaret Krieg (5) en Hendrik Smith; [08/05/12]: Nell Kruger. Baie geluk en seënwense vir die nuwe lewensjaar.

## ***Vooruitskouing***

**1. *Hemelvaartdiens*** op Donderdag 17/05/12 om 09:30 in die kerkgebou.

**2. *Pinksterdienste*** vanaf 21 – 24 Mei om 09:30.

**3. *Pinksterfees/Nagmaal*** op Sondag 27/05/12.

**4. *Kommissievergaderings*** op 30/05/12.

## ***Basaar***

Baie dankie aan almal vir julle entoesiasme en harde werk met die pas afgelope basaar. Die basaar was ‘n groot sukses. ***Dankie*** vir die konvenors vir al die moeite wat julle met julle tafels gedoen het; vir die helpers wat die konvenors bygestaan het; vir die gemeente en die gemeenskap van Pinelands wat die basaar so mooi ondersteun het; vir Pinelands Presbiteriaanse Kerk wat hulle saal vir ons beskikbaar gestel het en die basaarkommissie, Charlotte-Louise, vir al die beplanning en uiteensetting en uitvoering met vanjaar se basaar; vir Pinelands Spar en Sandra met die maak van die potjie.

**Voorsang:**

**Lied 449: 1-4**

1. Halleluja! Ons loof U, Heer;
aanbid U, Vader, gee U eer,
o Bron van alle lewe!
Ons roem in u barmhartigheid,
u wysheid, mag en majesteit -
ver bo ons lof verhewe!

2. Halleluja! Ons loof U, Heer;
U daal in ons ellende neer,
o, Jesus, ons Verlosser!
Vir sondaars het U, Heer, gesterf,
die lewe deur u dood verwerf -
ons roem U as Verlosser.

3. Halleluja! Ons loof U, Heer;
U, Gees, daal uit die hemel neer,
maak onder mense woning.
U wil ons troos en leer en lei,
reeds hier op aarde voorberei;
gereedmaak vir ons Koning.

4. Ons loof U, Vader, Seun en Gees,
ons wil U, Heer, gehoorsaam wees,
aan U behoort ons lewe.
Heer, drie maal heilig, hoor die lied,
Drie-enig God, wat ons U bied -
sing lof, sing al wat lewe!

**Lied 450: 1-2**

1. Vader, Seun, Heil'ge Gees, hoe sal ons u heerlikheid
kan verwoord, u lof besing met 'n aardse stem?

Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit; loof Hom tot in ewigheid.

2. Woord uit Woord, Lig uit Lig, kom as mens op aarde.
Bo begrip, bo ons verstand is u grootheid, Heer.

Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit; loof Hom tot in ewigheid.

**<u>Kerkkantoor-ure</u>: Di. tot Vry. tussen <u>10:00 en 12:30</u>.**
**Tel. 021-531-2401.**
**Tiana Bosman: 084 402-6005 of 021-531-4073.**

# *NG GEMEENTE PINELANDS*

## <u>Bulletin</u>

***Sondag 6 Mei 2012***

---

**ONS GLO HIERDIE GEMEENTE IS 'N TUISTE VIR ELKEEN, '... A HOUSE OF COMPASSION --- WE FORGIVE HERE ENDLESSLY'. [moeder Theresa].**

Mag jy vanoggend iets hiervan ervaar. Mag jy self hierdie gesindheid teenoor ander hê: Inklusief, vol vergifnis, onvoorwaardelike aanvaarding van ander. Jy het vanoggend hier 'n kans om dit te ervaar en te gee, maar ook oral waar jy in 'n hartelose samelewing leef.

---

## ***<u>Week 19 se program</u>***

**<u>Oggenddiens</u>** [06/05/12] * ***Pase 5 / Arbeidsondag*** – *[Sinodale Bid- en Dankdag – Kaap].*

* ***Bankoffer:*** *Gewone Kollektes.*

* ***Spesiale Deuroffer:*** *Jan Krielskool.*

* ***Kerkraadslede aan diens***: Niël Rossouw, Magda Erasmus, Mareza de Villiers en Marika Krieg.

* ***Kerkraadslede*** [13/05/12]: Chris Swanepoel, Herman Meyer, Shawn Dall en Hanlie Marais.

* ***Kinderkerk*** saam met JP en Marika by Sasnev.

* ***Koffie en tee*** na die diens by Sasnev.

***<u>Tekste vir die week</u>*** [06/05/12]: ***<u>Fokusteks</u>***: Joh. 15:1-8.
***<u>Ander tekste</u>***: Hand. 8:26-40; Ps. 22:26-32 en 1 Joh. 4:7-21.
***<u>Volgende week se tekste</u>****:* ***<u>Fokusteks</u>***: Joh. 15:9-17.
***<u>Ander tekste</u>****:* Ps. 98; Hand. 10:44-48 en 1 Joh. 5:1-6.

**Maandag** [07/05/12]: * ***Leraarskring*** by NGK Vishoek om 09:00.

**<u>Woensdag</u>** [09/05/12]: * ***Bybelstudie/Biduur*** om 09:30 in die konsistorie.

## ***<u>Spesiale Voorbidding</u>***

***1. Voorbidding vir wyk C:*** Frieda Absalom, Anlen Boshof, Florina Cloete, Rachel Fortuin, Annette Joubert, Amanda le Roux, McCarthy-gesin, Niël Rossouw, Truter-gesin en Elizabeth Willeman.